*11 April 2010*

Teks:2 Kor 4:6

Tema: God se lig skyn in ons lewens

# Psalm 130:1

**Uit dieptes van my sonde,**

**waar wanhoop my verteer,**

**roep ek in hierdie stonde**

**tot U, my God en HEER!**

**Wil na my smeekstem luister,**

**let op my pyn en smart;**

**laat in u ore fluister**

**die weeklag van my hart.**

# Psalm 130:2

**Sou U as regter handel,**

**o HEER, en gadeslaan**

**ons goddelose wandel,**

**ag, wie sou dan bestaan?**

**Maar nee, daar is vergewing**

**altyd by U gewees:**

**So word U, HEER, met bewing**

**reg kinderlik gevrees.**

# Psalm 130:3

**Ek hoop steeds op die HERE,**

**my siel wag ongestoord,**

**ek pleit soos ander kere**

**op sy onfeilbaar woord...**

**Soos brandwag deur die nagte**

**na rooidag-môre smag,**

**so bly ek in my klagte**

**op sy verlossing wag.**

# Lied 200:2

U is die Heer wat ons gemaak het,

voor U kom ons, u skepsels, staan;

U is die Heer wat steeds gewaak het,

deur wie ons gans en al bestaan.

U bring in ons gemoed die vrede,

U sterk ons gees met nuwe krag;

U gee u lig ook oor ons rede -

dis U van wie ons heil verwag.

# Sb 14-2 – Alternatief

**Al sou dan ook die bose magte toeslaan,**

**al sou selfs alles om my heen vergaan;**

**die son verdof, die lewensvreugde wegkwyn,**

**die ganse skepping sug, te gronde gaan –**

**<u>Sb 14-2</u> (vervolg)**

**nóg sal ek juig**

**in Christus, Heer en God!**

**U maak my sterk, oorwin die dood.**

**U maak die hemel nuut, die aarde vry.**

**In U, O God, verbly ek my!**

*11 April 2010*

Teks:2 Kor 4:6

Tema: God se lig skyn in ons lewens

# Ps 20 : 2

**Mag Hy sy heil en bystand stuur**
**uit hoë heiligdom,**
**en u uit Sion ondersteun,**
**van waar u hulp sal kom.**

**Ps 20 : 4**

**Mag Hy, die ryke God, u gee**
**al wat u hart verlang!**
**Vervulling van wat u beraam -**
**mag u dié guns ontvang!**

# Ps 134 : 4

**Laat, HEER, u seën op hul* daal,**

**u guns uit Sion hul* bestraal!**

**U wat beveel en - dit geskied,**

**wil, HEER, u seen oor hul* gebied!**

**<u>Votum:Psalm 118:7</u> (Staan)**

**Dit is die dag wat Hy gemaak het.**

**Kom, laat ons juig, want God is goed.**

**Hy wat in nood oor ons gewaak het,**

**laat ons Hom in sy huis ontmoet.**

**Vra dat Hy voorspoed gee en loof Hom;**

**vra om sy redding; kom, juig saam.**

**Wees bly en prys wie in sy Naam kom,**

**ontvang sy seën en prys sy Naam.**

Groetseën

# <u>Psalm 145:1</u> (Staan) - Almal

**U Naam, o HEER, so hoog in heerlikheid,**

**wil ek verhef vir ewig en altyd;**

**u Konings-eer wat alle krone oorstraal,**

**wil ek verhoog in onvermoeide taal.**

# Psalm 145:2 - Susters

**Die HEER is groot, daar is geen sanggeluid**

**wat ooit sy lof in volle waarde uit!**

**Dit is 'n see waar niemand in kan meet,**

**dit is 'n vloed waar ons geen grond van weet.**

**<u>Psalm 145:4</u> - Broers**

**Die skitterglans wat uit u majesteit**

**u wonderwerk bestraal met heerlikheid,**

**gedugte krag wat ons van angs laat vrees,**

**u grootheid, HEER - dit sal my lofsang wees.**

## Psalm 145:5 - Susters

**Hul sal, o HEER, u goedheid bly herdink**

**en vir u heil die jubels op laat klink:**

**genadig, goed, lankmoedig soos weleer,**

**barmhartig en 'n redder is die HEER.**

**Psalm 145:10 - Broers**

**Die Heer is reg in al sy weg en werk,**

**sy goedheid ken, die wêreld deur, geen perk.**

**Hy is naby die siel wat tot Hom sug,**

**Hy troos die hart wat skreiend tot Hom vlug.**

**<u>Psalm 145:12</u> - Almal**

**Maar nou, my siel, waar eindig ooit Gods eer?...**

**Nog sal ek uitroep: Lof! Lof aan die HEER!**

**Laat alle vlees vir ewig en altyd**

**sy Naam verhef so hoog in heerlikheid!**

**<u>Belydenis: Sb 12-2:1</u> (Staan)**

**Ek geloof in God die Vader**
**wat almagtig, wys en trou,**
**Skepper is van alle dinge**
**en dit nog in wese hou.**
**Ek geloof in Jesus Christus,**
**wat ons in aanbidding eer:**
**Eengeboorne van die Vader,**
**in sy hoogheid onse Heer.**

# Sb 12-2:4

**Ek geloof, met stille aanbidding,**
**in die Heil'ge Gees wat my**
**in my sondedood gewek het,**
**my as Trooster leer en lei.**
**Ek geloof 'n heil'ge eenheid,**
**wêreldwyd, in Christus een,**
**wat sy roepstem sal vergader,**
**deur die lange eeue heen.**

# Sb 12-2:5

**Ek geloof aan die gemeenskap**
**heilige verbintenis**
**van wie almal saam 'n eenheid,**
**in hul Heer een liggaam is.**
**Ek geloof die skuldvergewing,**
**weeropstanding van die vlees,**
**en 'n lewe in eewge duurte,**
**as die dood nie meer sal wees.**

# Die wet van die Here




Verootmoedigingsdiens

**Ps 1:1 Dit gaan goed met die mens wat nie die raad van goddeloses volg nie, nie met sondaars omgaan en met ligsinniges saamspan nie,**
**2 maar wat in die woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink.**
**3 Hy is soos ‘n boom wat by waterstrome geplant is, wat op die regte tyd vrugte dra en waarvan die blare nie verdroog nie. Hy is voorspoedig in alles wat hy aanpak.**
**4 So is die goddeloses nie. Hulle is soos kaf wat deur die wind uitmekaar gewaai word.**
**5 Daarom sal goddeloses hulle nie kan handhaaf wanneer die Here oor hulle oordeel nie en sondaars nie ‘n plek hê in die vergadering van regverdiges nie.**
**6 Waarlik, die Here lei die regverdiges op hulle pad, maar die pad van die goddeloses lei tot ondergang.**

**<u>Sb 2-4:3</u> (Staan)**

**Wie die Midd'laar se verskyning**

**inwag uit die heiligdom,**

**soek van harte die verreining**

**wat daar uit sy sterwe kom.**

**Teen die sonde duur die stryd:**

**"Sonde is ongeregtigheid!**

**Maar ons lewe uit God gebore,**

**is tot heilig-wees verkore!**

# Gebed (Sit)

Woord- en gebedsdiens

**2Kor 4:1 God het Hom oor ons ontferm en hierdie bediening aan ons opgedra. Daarom word ons nie moedeloos nie.**
**2 Ons vermy praktyke wat nie die lig kan verdra nie en waaroor ons ons sou moes skaam. Ons gaan nie met bedrog te werk nie en ons vervals nie die woord van God nie. Inteendeel, ons maak die waarheid openlik bekend en beveel onsself so aan by elkeen wat voor God ‘n eerlike gewete het.**
**3 As die evangelie wat ons verkondig, tog nog met ‘n sluier bedek is, is dit bedek net vir dié wat verlore gaan.**
**4 Hulle is die ongelowiges wie se verstand deur die god van hierdie wêreld verblind is, sodat hulle die lig van die evangelie nie kan sien nie. Dit is die evangelie van die heerlikheid van Christus, wat die beeld van God is.**

**5 Ons verkondig nie onsself nie, maar Jesus Christus as die Here, en onsself as julle dienaars ter wille van Jesus.**
**6 God wat gesê het: "Laat daar lig skyn uit die duisternis," het ook in ons harte ‘n lig laat skyn om ons te verlig met die kennis van die heerlikheid van God, wat van Jesus Christus uitstraal.**
**7 Ons wat hierdie skat in ons het, is maar kleipotte wat maklik breek; die krag wat alles oortref, kom dus van God, nie van ons nie.**

**Ps 139:1 Vir die koorleier. Van Dawid. ‘n Psalm. Here, U sien dwarsdeur my, U ken my.**
**2 Of ek sit en of ek opstaan, U weet dit, U ken my gedagtes nog voordat hulle by my opkom.**
**3 Of ek reis en of ek oorbly, U bepaal dit, U is met al my paaie goed bekend.**
**4 Daar is nog nie ‘n woord op my tong nie of U, Here, weet wat dit gaan wees.**
**5 U omsluit my van alle kante, U neem my in besit.**
**6 Dié wete oorweldig my, dit is te hoog vir my begrip.**
**7 Waarheen sou ek gaan om u Gees te ontvlug? Waarheen sou ek vlug om aan u teenwoordigheid te ontkom?**
**8 Klim ek op na die hemel, is U daar, gaan lê ek in die doderyk, is U ook daar.**

**9 Vlieg ek na die ooste, of gaan woon ek in die verre weste,**
**10 ook daar lei u hand my, hou u regterhand my vas.**
**11 Ek sou die duisternis kon vra om my weg te steek, of die lig rondom my om in nag te verander,**
**12 maar vir U is selfs die duisternis nie donker nie en die nag so lig soos die dag, duisternis so goed soos lig.**
**13 U het my gevorm, my aanmekaargeweef in die skoot van my moeder.**
**14 Ek wil U loof, want U het my op ‘n wonderbaarlike wyse geskep. Wat U gedoen het, vervul my met verwondering. Dit weet ek seker:**
**15 geen been van my was vir U verborge toe ek gevorm is waar niemand dit kon sien nie, toe ek aanmekaargeweef is diep in die moederskoot.**
**16 U het my al gesien toe ek nog ongebore was, al my lewensdae was in u boek opgeskrywe nog voordat ek gebore is.**

**<u>Psalm 119:2</u> (Staan)**

**Dis u wil dat ons u woorde**

**in getrouheid sal betrag.**

**Kon ek maar, ek sou 't van harte.**

**HEER, verleen U my die krag!**

**Ag, was tog my voet maar vaster,**

**dat ek van die spoor nie dwaal**

**in u wet my voorgeteken,**

**en geen skande oor my haal!**

# Prediking

**<u>Sb 10-2</u> (Staan)**

**Ons Vader wat woon in die hemel,**

**geheilig sy u Naam,**

**laat u ryk kom, u wil geskied,**

**soos in die hemel so ook op die aarde.**

**Gee ons vandag ons dag se brood**

**en vergeef ons al ons skulde, net soos ons vergewe**

**die wat teen ons sondig.**

**<u>Sb 10-2</u> (vervolg)**

**Laat kom ons nie in die versoeking;**

**maar verlos ons van die Bose.**

**Van U is die ryk en die sterkte en die ere,**

**vir ewig en ewig, amen**

**vir ewig en ewig, amen.**

**<u>Doop – Psalm 128:4</u> (Staan)**

**Mag ryke seëninge**

**uit Sion jou bedou;**

**mag jy dié goeie dinge**

**van Sionstad aanskou!**

**mag jy nog, op jou bede,**

**'n nakroosseen verkry!**

**En, God van alle vrede,**

**mag Isr'els vrede bly!**

Kollekte
Diens van
Barmhartigheid

# Psalm 8:1

**O, Here God,**

**u Naam is groot op aarde!**

**U hemelruim strek**

**tot die verste einders**

**<u>Psalm 8b:1</u> (vervolg)**

**Waar mense-oë**

**geen stippel meer gewaar,**

**daar straal en skyn**

**nog steeds u majesteit.**

# Psalm 8b:2

**Na U, die God**

**so hoog bo ons verhewe,**

**styg daar 'n lied van dank,**

**u Naam ter ere**

**U lof uit kindermonde klink alom:**

**U haters swyg, U lasteraars verstom.**

# Psalm 8b:4

**Hoe is dit dan**

**dat U tog na ons omsien,**

**die brose mens omstraal**

**met u nabyheid?**

**U maak ons sterk,**

**U kroon ons met u glans**

**Ons hoort by U**

**en word deur U omskans.**

# Psalm 8b:6

**O, Here God,**

**u Naam is groot op aarde!**

**U hemelruim strek**

**tot die verste einders:**

**Waar mense-oë**

**geen stippel meer gewaar,**

**daar straal en skyn**

**nog steeds u majesteit.**

Wegstuurseën
Amen Amen Amen